

SAAWE GEBEDSKALENDER JUNIE 2026

Epos: ena@swissmail.org ; Tel no 083 6600 885

MAANDAG	DINSdag	WOENSDAG	DONDERDAG	VRYDAG	SATERDAG	SONDAG
1 Daar is geen einde in sig vir die etniese konflik wat 3 jaar gelede tussen die Christelike en Hindoe-gemeenskappe in Manipur, India, begin het nie. Bid dat die geweld stop. Bid dat die Christelike gemeenskap die liefde van Christus sal ultiem en hulle vyande waarlik sal liefhê.	2 Vandag is SAAWE se maandelikse gebedsgoed by die kantoor. Bid vir die leiding van die Heilige Gees vir Ena wat dit fasiliteer en dat ons Heilige Gees geïnspireerde gebede sal bid vir SAAWE se aktiwiteite en die onbereikte volke.	3 Christene in Myanmar ervaar steeds onbeskryflike lyding as gevolg van vervolging en konflik. Verlede jaar se verwoestende aardbewings het hulle kwesbaarheid verder vererger. Bid vir 'n hartsverandering by die regerende militêre junta wat Christene teiken en diskrimineer.	4 Bid vir gelowiges uit Moslem-agtergrond wat die Evangelie moedig deel. Bid vir organisasies wat vir hulle Bybels voorsien. Ahmed, 'n gelowige uit 'n Moslem-agtergrond, het 400 Arabiese Bybels ontvang. Hy dissipel verskeie nuwe gelowiges. Loof die Here vir jong mense wat die Bybel lees.	5 Hierdie droom het hom alles gekos: sy ouers se liefde, sy ouerhuis, sy vriende. Yemen, sy land, is in oorlog. As jy oor Jesus praat, kan jy sterf. Tog volg hulle Hom steeds, oortuig dat niks wat hulle verloor kan vergelyk met alles wat hulle in Christus verkry het nie. Bid vir hulle.	6 Neels en Phillip gee vandag opleiding aan studente en spanleiers van die Noordwes Universiteit wat beplan om vanjaar deel te neem aan korttermyn uitreike. Vra dat elkeen sal kom met 'n ontvanklike hart om te leer en toegerus te word.	7 “Sal jy Jesus verloën? Indien nie, gaan ons julle doodmaak.” Dit is die ultimatum wat Boko Haram aan 'n groep Christene gegee het, insluitend 'n jong seun, Androwa. Met gewere op hulle gerig, het elkeen vir Jesus gekies. Dit is die werklikheid van Christen-wees in Nigerië. Bid vir beskerming.
8 Androwas het nooit gewankel nie. Toe hy gevra is oor sy moed, het hy gesê: “Ons sal eerder sterf as om Moslems te word.” Hy en sy familie en bure het vir 'n maand in die bosse van Nigerië vir Boko Haram gevlug. Bid vir Nigerië se Christen vlugtelingen.	9 Bid vir die SAAWE span wat vanoggend vergader. Vra die Here asseblief vir wyse besluite wat sal bydra tot die maak van dissipels wêreldwyd. Bid vir al die beplanning van geleenthede hierdie jaar. Ons pak nuwe dinge aan.	10 Androwas se familie het uiteindelik na 'n vlugtelingkamp in Kameroen gevlug, waar hulle etlike jare gewoon het. Toe voedseltekorte ernstig raak, het hulle na Nigerië teruggekeer. Bid vir voorsiening en beskerming vir Christen families in Nigerië.	11 Tydens die reis is Androwas se been in 'n vragmotorongeluk vergruis en moes dit geamputeer word. “Deur al my swaarkry is ek dankbaar teenoor God.” Op 16-jarige ouderdom beweeg hy op een voet met 'n stok as kruk, en leef as dissipelmaker vir Jesus.	12 Bid vir die ontbyt met leraars en sendingleiers vanoggend in Kemptonpark. Bid vir Giepie wat 'n kort boodskap bring, en dat hierdie geleentheid sal lei tot groter samewerking om Suid-Afrikaanse Christene te mobiliseer vir sending.	13 Bid dat die span wat vanoggend op die OR Tambo lughawe gebedswandeling doen sensitief sal wees vir die leiding van die Heilige Gees. Vra ook dat meer mense sal deel word van hierdie uitreiking.	14 Terwyl die owerhede in Iran op die oorlog fokus, het Voice of the Martyrs duisende Bybels versprei. Bid vir die veiligheid van gelowiges wat die onsekerheid van oorlog moedig gebruik om oor die ewigheid en geloof te praat. BID vir baie bekerings.
15 SAAWE word vanjaar 50! Ons beplan om dit op Sondag 13 September in Pretoria te vier. Hou asseblief die datum oop en bid saam met ons vir wysheid rakende die reëlins.	16 Jeugdag: “Hemelse Vader, ons bid vir die jeug van Suid-Afrika. Beskerm hulle teen die gevare van dwelms, geweld en negatiewe groepsdruk. Gee hulle die moed om versoeking te weerstaan en skenk hulle die krag om wyse besluite te neem wat U eer.”	17 Ten spyte van intense vervolging bly die kerk groei en volhard. By God is alle dinge moontlik, selfs in lande waar geloof nie behoort te bestaan nie. BID vir moed vir dié wat in die geheim bymekaarkom, soos gebedsgroepe in Noord-Koreaanse gevangenskampe.	18 Bid vir Phillip en Sophia wat 18 tot 27 Junie 'n beraad in Thailand bywoon. Bid dat hulle 'n seën en bemoediging vir ander sal wees en dat hulle in die proses self ook ryklik geseën sal word.	19 In 2011 was daar ±1,8 miljoen Christene het in Sirië. Vandag is daar slegs ±300 000. Die situasie bedreig die toekoms van die Kerk. 'n Kerk wat van sy jeug beroof is, is 'n Kerk sonder 'n toekoms. Jeug sonder 'n Kerk het geen toekoms nie.” Bid vir Sirië.	20 Vader Bashar Lasham in Sirië: “Veel uitdagings sedert 2011 het die Christen gemeenskap in onsekerheid en onstabieleit gedompel.” Baie het gevlug, terwyl onstabieleit steeds een van die grootste uitdagings bly vir dié wat wil aanbly. Bid vir die kerk in Sirië.	21 Die oorblyfsel in Sirië bly vasstaan in die geloof te midde van vrees. Hulle glo in God se krag om hulle te verlos; en selfs as Hy dit nie doen nie, kies hulle steeds om Hom in hierdie land te dien. Bid vir hulle veiligheid en standvastige geloof.
22 Bid vir die beskerming van meisies in Pakistan: Die 13-jarige Maria Shahbaz is in Julie 2025 ontvoer, gedwing om tot Islam te bekeer en te trou. Haar ouers het maande lank geveg om haar terug te kry, maar die hof het in Maart beslis dat sy by haar ontvoerder moet aanbly.	23 Die Christene in Pakistan dring daarop aan dat die regering onmiddellik optree om alle minderjariges te beskerm, ongeag geloof. Ons vra dringende geregtigheid en bid vir beskerming, aanspreeklikheid en daadwerklake optrede. Bid saam met hierdie Christene.	24 Bid vir Afgaanse vroue wat uit hulle land na buurlande gevlug het. Bid dat hulle veilige plekke sal vind om te woon en voorsiening vir hulle behoeftes sal ontvang. Bid dat hulle nie net sal oorleef nie, maar tot geloof in Jesus kom, dat hulle dapper soos Ester sal wees.	25 In 2025 is honderde Christene in Mosambiek deur jihadiste vermoor; 72 000 het uit hulle huise gevlug. In 'n vier dae lange ekstremistiese aanval is 120 Christene vermoor en 2 kerke afgebrand. Bid vir die beskerming en getuieis van gelowiges in Mosambiek.	26 Bid saam met Vannida, 'n weduwee uit Suidoos-Asië, wat ondanks geweldige lyding voortgaan om die Here te dien. Bid dat sy God se daaglikse teenwoordigheid sal ervaar. Toe Vannida se man geweier het om op te hou om ander te bedien, is hy vermoor. Bid vir die weduwees.	27 Bid vir Giepie wat 28 Junie tot 25 Julie Disciples Go Ministries se dissipelmakers in Zambië en Malawi besoek en verdere opleiding gee. Bid vir Sy beskerming, geestelike en fisiese krag en dat hierdie opleiding sal bydra tot 'n groter dissipelmaak beweging in hierdie lande.	28 Bid vir die ondergrondse kerk wat weens vervolging in die geheim vergader. Bid dat God siende oë blind sal maak sodat hulle nie deur vyandige owerhede ontdek sal word nie. Bid vir wysheid vir leiers om kerkklimate toe te rus om die Evangelie te deel.
29 Bid vir FEBA Radio: Tans ondersteun en bedryf FEBA /FEBC se wêreldwyde bedieningsnetwerk 260 FM/AM-radiostasies in 50 lande en saai uit in meer as 152 etniese tale. Multimedia-ateljees is op sleutelplekke regoor die wêreld geleë.	30 FEBC het nog nooit 'n radiostasie in China gehad nie, tog is die Evangelie aan miljoene Chinese uitgesaai. Tans het Radio Liangyou so 'n besige aanlyn bediening dat hulle die inhoud tussen webwerwe moes verdeel om al die aanlyn verkeer te akkommodeer.	<i>“Mag die volke U loof, o God, mag al die volke U loof!” Psalm 67:4</i>	<i>“Mag die nasies bly wees en jubel omdat U hulle regverdig regeer en hulle op die aarde lei.” Psalm 67:5</i>	<i>“Die land het sy oes gelewer. God, ons God, het ons geseën. God het ons geseën. Die mense op die hele aarde moet Hom eer.” Psalm 67:7-8</i>	<i>“Kom, laat ons jubel tot eer van die Here, laat ons juig oor die rots by wie ons redding vind,” — Psalm 95:1</i>	<i>“Kom ons val in eerbetoen voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper! Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg.” Psalm 95:6-7</i>

* Skrifaanhalings geneem uit die Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 © Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992. Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou